Sing vooraf staande: Skrifberyming 8-1:1, 2 (14:1, 2)

1 “Water sal ek op hul sprinkel, / water uit ’n springfontein".
En van alle onreinighede / was die HEER sy volk dan rein.
“Nuwe harte gee ’k aan julle, / en Ek gee ’n nuwe gees;
’k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee ’n hart van vlees.

2 “’k gee my Heil’ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry
waar ’k ’n God sal wees vir julle, / jul ’n volk sal wees vir My.”

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 25:1, 6 (p. 115)

1 Tot U hef ek hart en hande; / op U, HEER, verlaat ek my;
laat die vyand oor my skande, / oor my val, hom nooit verbly.
Ja, U sal hul nooit verlaat / wat in u vertroue wandel,
maar U dek hul met u smaad / wat hier troueloos lik handel.

6 Wie’s die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank’le skrede / voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

Gebed

Here, U is almagtig en goed en trou tot in alle ewigheid. Ons dank U vir u goedertierenheid wat elke dag vir ons versier. Ons dank U vir u genade wat ons soveel goeie dinge gee wanneer ons dit nodig het, maar dit nogtans nie verdien nie. Ons dank U ook, Here, dat u liefde ons verlossing van die sondes en van die hel moontlik gemaak het.

Ons dank U, Here, dat ons mag weet dat u Raad nooit gekeer kan word nie, en dat dit bestaan tot in ewigheid. Ons dank U ook dat u Gees elkeen van ons tot geloof en verantwoordelikheid roep. Ons dank U dat ons, ondanks al ons oortredinge, tog nog voor u troon mag kom staan in die gebed, en U mag loof en dank.

Here, ons pleit ook vir ons behoeftes. Voorsien ons almal elke dag uit u hand van voedsel en kleding. En begenadig ons met die verantwoordelikheid sodat ons ons geloofspligte onberispelik mag nakom. Here, seën ook elkeen van ons in ons daaglikse arbeid. Nie net so dat ons goeie vrug op ons werk het nie, maar ook so dat ons dit doen om U daarin te verheerlik, en om in ons dagtaak u koninkryk op die aarde te bou, en daarom ook te werk tot u eer.

Ons pleit ook vir die behoeftes van ons kerk. Eerstens sekerlik geestelik. Here, maak elke gemeentelid verantwoordelik tot in die kleinste sake wat ons geloof raak. Want veral in ons tyd is die stryd en die uitlewing van ons geloofsverantwoordelikhede baie swaar. Dikwels word ons ook deur die kwaad verlei om ons werk nie behoorlik te doen nie. Here, bekeer ons almal daagliks, eerder as dat u oordeel ons as ontroues gaan veroordeel.

Ons bid vir ons oues van dae. Ons Vader, laat u goedheid hul dra wanneer hulle nou reeds in die herfs van hulle lewe gekom het. Dra ook so die verkondiging van u Woord in elke kerk waar u Naam gepreek word, om Christus wil.

Amen.

Skrifberyming 16-1:1-3 (15:1, 2, 3).

1 Laat jul kinders tot My nader / en geen hindernis hul weer,
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel," sê die HEER.

2 Wie nie needrig soos die kindjie / wat hier tussen julle staan,
so die Godsryk wil ontvang nie, / sal daar geensins binnegaan."

3 En die Here het sy arrems / koest'rend om hul heen geslaan,
met sy hande op hul hoofde, / hul geseën, en weer laat gaan.

Skriflesing: Handelinge 2

Teks: Handelinge 2:38; Kategismus Sondag 26

Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. (Handelinge 2:38 AFR1953)

Dit is die dag van die uitstorting van die Heilige Gees – Pinksterdag.

- Petrus het opgestaan en vir die mense wat daar in Jerusalem bymekaar was, 'n preek gelewer.
- Petrus het natuurlik hierdie dinge gepreek omdat hy gedryf is deur die Heilige Gees.

Hy het aan die mense gepreek dat Jesus, 'n Nasarener, deur God aangewys is om met kragte en wonders onder hulle te werk. Hierdie Seun van God was die Messias en die goddeloses het Hom gekruisig.

Ons gee in hierdie preek aandag aan die volgende sake:

1. Die Heilige Gees en ons doop
2. Die betekenis van die tekens by die doop

1. Die Heilige Gees en ons doop

Die Heilige Gees woon van Pinkster af in ons almal.

- Om die waarheid te sê, Hy woon al van voor ons doop af in ons.
- Die doop is net 'n bekragtiging van die feit dat ons en ons kinders aan die Here behoort – dat ons deel het aan die heil van Christus, en dat niemand ons daarvan kan beroof nie.

Wat doen Hy in ons?

- Hy werk die geloof en die versekering van al die genadegawes wat ons in die Here Jesus ontvang, in ons.
- In die gelese gedeelte kom ons agter dat die Heilige Gees die luisteraars van Petrus se preek in hulle harte en verstand beweeg.

Meteens gebeur daar iets met hulle:

- Meteens kom hulle tot insig en begryp die waarheid – hulle is die goddelose geslag waarvan Petrus daar staan en praat.
- Hulle besef meteens hoe hulle mislei is deur alles wat hulle tot nou toe in die geloof geleer is!

Hulle kan ook nie ontken dat die Here Jesus die Messias is nie, want hulle weet van al die dinge waarvan Petrus daar praat.

- Hierdie Jesus het uit die dood opgestaan: Dit is waar!
- Hy het na sy opstanding aan baie verskyn – hulle kan nie daaroor stry nie.
- Moontlik was daar van die mense aan wie Jesus verskyn het, onder die mense wat die dag onder Petrus se prediking was.

Soos ’n swaard gaan die besef van hulle sondes deur hulle gemoedere. Hulle het die Here Jesus gekruisig. Wat nou?

- Vrees het geheers in die harte van hierdie mense.
- Die mense het verslae vir Petrus en die ander apostels gesê: “Wat moet ons doen, broeders?”

Die teksgedeelte wat ons gelees het, is die antwoord op hierdie baie moedelose vraag.

Ons sien baie duidelik die werk van die Heilige Gees.

- Eers beweeg die Heilige Gees alle grond vir valse vertroue onder jou voete uit, want die reg van God het nie dubbele maatstawwe nie – jy moet weet waar jy met die Here staan.
- Die Heilige Gees doen dit nie om jou te veroordeel nie, maar juis sodat jy gered kan word.
- Dit klink ongelooflik dat jy eers tot die waarheid beweeg moet word, en dan sê dat dit tot jou verlossing is.

Dit is hoe die Gees van God werk. Die simbole van die Gees by die uitstorting was mos wind en vuur.

- Die wind en vuur is simbolies daarvan dat die eerste werk van die Gees is om die sonde te verbrand en jou van binne skoon te waai.
- Die eerlikheid van God gun jou nie die geleentheid om die sonde te vertroetel nie.
- Eers wanneer daar hierdie eerlike en werklike kennis van jou sondes is, is die deur oopgemaak vir berou en bekering.

Nou is ons belas met die verantwoordelikheid om werklike dankbaarheid aan die Here te bewys.

- Nie om daarmee in die hemel te kom nie,
- maar om Christus daarmee te waardeer.

Daarom antwoord Petrus die groep mense wat hierdie groot vraag vra dat hulle hulle moet bekeer, en hulle laat doop, want die doop het vir ’n bekeerde mens ’n baie groot betekenis.

- Die krag van die doop lê daarin dat dit die heil en die heerlikheid en die heiligheid van God preek.
- In die eerste plek gaan dit sekerlik oor die heil in die Here Jesus Christus.
- Ons leer mos dat die doop’n teken en ’n seël is – dit is as’t ware die handtekening van God onder die kontrak van genade.

2. Die betekenis van die tekens by die doop

Wat is nou eintlik hierdie heil wat deur die doop aan ons bevestig word?

- Dit is die afwassing van die onreinheid van die siel.
- Makliker gestel: Dit is dat ons sondes ons deur die dood van die Here Jesus vergewe word.

Dit is ook waarom die teken by die doop juis water is, en nie iets anders nie.

- Ons gebruik water om te was of te bad wanneer ons vuil is.
- Daarom is die water die simbool van reiniging of afwassing.

In hierdie geval dan met die betekenis dat ons sondes van ons siele afgewas word, soos wat water die vuilheid van ons liggame afwas.

- Ons sondes word in die vuilheid van ons liggame gesimboliseer. Soos water die vuilheid van die liggaam afwas, so was die bloed van die Here Jesus die sondesmet van ons liggaam en ons siel af.
- Al ons geestelike vuilheid verdwyn en alleen ’n volmaakte reinheid bly oor voor God.
- Deur die bloed en die Gees van Christus word ons volkome voor God geheilig.

Dit is noodsaaklik dat ons volkome heilig voor God moet wees, want uit die Bybel is dit tog duidelik dat God sondes afkeur.

- Hy beoefen alleenlik gemeenskap met heiliges, met ander woorde rein mense sonder sondes.
- Matteus 5:8 het hier betrekking, waar daar geskryf staan:

  Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien. (Matteus 5:8 AFR1953)

As ons baie eerlik is, dan moet ons erken dat ons uitgesluit behoort te word van gemeenskap met God, want almal van ons doen baie en dikwels ook growwe sondes.

- Daarom is die antwoord op die vraag van die mense aan Petrus vir ons net so belangrik soos wat dit vir hulle was.
- Ons staan net so moedeloos voor God soos die skare daardie dag in Jerusalem.

Ons vra dan ook: Here, wat moet ons doen?

Kan al hierdie heil wat ons ontvang, werklik waar wees? Ja, dit is waar en die doop verseker jou daarvan.

- *Die doop is nie self saligmakend nie, maar die doop is die simbool van die ooreenkoms van God met ons in Christus.*
- *Die inhoud van hierdie ooreenkoms is dat ons geestelik rein gewas word soos wat ons met water skoon gewas word.*

Die belofte van heil breek nie af wanneer jy met jou kind wegdraai van die doopvont af nie.

- Die belofte is soos die heil self – baie duursaam.
- God woon met sy ewige Heilige Gees in hierdie liggaam wat die teken van God se verbond ontvang.

Die doop leer die heerlikheid van God sigbaar en hoorbaar.

- Sigbaar, want die teken van die verbond is daar.
    - Die water word in die Naam van die Vader en die Seun en van die Heilige Gees op die kind se voorkop geplaas.
    - Dit is om dit beter te verstaan. Dit is asof God die genadekontrak waarvan ons kinders deel is, voor almal onderteken – almal sien die water wat op die kind se voorkop gesprinkel word.
- Hoorbaar, want uit die bedienaar van die Woord se mond hoor ons God se stem.
    - Ons word in die dood van Christus ingelyf, en daarom ook saam met Hom uit die dood opgewek vir die koninkryk van God.
    - Ons hoor hoe die Naam van die Drie-Enige God oor elke dopeling uitgespreek word.

Die heerlikheid van die Here word meteens so duidelik as ons daar hoor dat ons ’n erfreg in die hemel het sonder enige verdienste van ons kant.

- God se Seun het God se liefde en God se reg oor ons kom vervul, sodat ons in die hiernamaals met God kan ingaan.
- Die doop is ’n bewys van hierdie liefde dat God sy Seun laat sterf het tot versoening van ons ongeregtigheid.

Die Heilige Gees is ook deelnemend aan ons saligheid.

- Hy laat ons volhard in die ware geloof en in die dankbaarheid.
- Hy lei ons met insig om ons ons sondes te laat besef – sodat ons as gevolg van ons sondebesef tot berou en bekering kan kom.

Die doopformulier stel dit duidelik:

- Ons word vermaan en verplig tot ’n nuwe gehoorsaamheid.
- Ons moet elke dag ons sondes afsterf en groei in heiligheid Dit moet sigbaar wees in ons lewens.

Wat moet ons dan doen as ons aan die grootheid van ons sondes dink? Ons moet tot bekering kom en dink aan die beloftes van die doop – die simbool daarvan dat die Here se Naam op ons voorhoofde geskrywe staan.

Kom ons lees saam wat ons belydenis hiervan skryf in die Heidelbergse Kategismus Sondag 26:

Vraag 69: Hoe word jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom?

Antwoord: *So: Christus het die uitwendige waterbad ingestel (a). Daarby het Hy beloof (b) dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes, gewas is (c) as wat ek uitwendig met die water gewas is, wat die vuilheid van die liggaam wegneem.*
(a) Matt 28:19. (b) Matt 28:19; Mark 16:16; Hand 2:38; Joh 1:33; Matt 3:11; Rom 6:3, 4. (c) 1 Pet 3:21; Mark 1:4; Luk 3:3.

Vraag 70: Wat beteken dit om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees?

Antwoord: *Dit beteken om van God vergewing van sonde uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het (a). Verder, om deur die Heilige Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig te wees sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe (b).*
(a) Heb 12:24; 1 Pet 1:2; Op 1:5; 7:14; Sag 13:1; Eseg 36:25. (b) Joh 1:33; 3:5; 1 Kor 6:11; 12:13; Rom 6:4; Kol 2:12.

Vraag 71: Waar het Christus ons belowe dat Hy ons net so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?

Antwoord: *Met die instelling van die doop wat soos volg lui: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees..." (Matt 28:19); en: "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word" (Mark 16:16). Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die doop die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes noem (Tit 3:5; Hand 22:16).*

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 1-1: 1, 7 (24:1, 7)

1 Geseënd sy bo alle dinge / die eewge God en Vader! Hy
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.

7 Ons sal, in lewe en in sterwe, / Gods eiendom vir altyd wees;
ons sal wat Hy beloof het, erwe, / verseël deur die Heil'ge Gees.
Hy is die waarborg ons gegewe, / die eerst'ling van die volle som;
ons sal die reddingsdag belewe – / die gloriedag van God, wat kom.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 14 Augustus 2011